STUDIE 8


STORAKELS VAN PROFESIE

Die heerlike koninkryk

1 Konings 3:5–15; 10:1–29

Toe Salomo koning van Israel geword het, het die Here in 'n droom aan hom verskyn en hom genooi om te vra wat hy begeer. Die jong koning kon rykdom, eer of oorwinning oor sy vyande gevra het. In plaas daarvan het hy 'n verstandige hart gevra om God se volk reg te regeer en tussen goed en kwaad te onderskei.

God het behae gehad in sy versoek. Hy het aan Salomo buitengewone wysheid gegee en hom ook met rykdom en eer geseën. As hy in God se weë sou wandel, sou sy lewe ook verleng word. Onder sy regering het Israel 'n tyd van groot voorspoed beleef.



Die tempel wat Salomo vir die Here gebou het, was indrukwekkend. Sy paleis, sy dienspersoneel en die orde van sy koninkryk het besoekers verwonder. Silwer was in Jerusalem so volop soos klippe. Konings en gesante het gekom om die wysheid te hoor wat God in sy hart gegee het.

Onder hulle was die koningin van Skeba. Sy het met 'n groot gevolg en kosbare geskenke aangekom om Salomo met moeilike vrae te toets. Hy kon haar vrae beantwoord. Toe sy sy wysheid, sy huis en die diens rondom hom sien, was sy oorweldig. Wat sy gehoor het, was waar, maar die helfte was haar nie vertel nie.

Tog kon selfs Salomo se koninkryk in sy glansrykste dae nie vergelyk met die ewige tuiste wat God vir sy kinders berei nie. Die grootheid van 'n aardse koning gee ons net 'n klein aanduiding van die heerlikheid van die Koning wat alles nuut sal maak.

Vul die ontbrekende woorde in nadat jy elke Bybelteks gelees het.

1. Wat het Jesus aan sy volgelinge belowe?

Johannes 14:2 *In die huis van my Vader is daar baie* _____ *… Ek gaan om vir julle* _____ *te berei.*

LET WEL: Jesus laat sy kinders nie sonder 'n toekoms nie. Hy belowe 'n plek by Hom en sal weer kom om hulle te neem waar Hy is (Johannes 14:3).

2. Wat openbaar die Bybel oor die tuiste wat God voorberei?

Jesaja 65:17 *Want kyk, Ek skep* _____ *en 'n nuwe aarde …*

Hebreërs 11:16 *… want Hy het vir hulle 'n* _____ *berei.*

Matthéüs 5:5 *Salig is die sagmoediges, want hulle sal die* _____ *beërwe.*

Jesaja 65:21 *En hulle sal* _____ *bou en bewoon, en wingerde plant en die vrug daarvan eet …*

LET WEL: Die nuwe aarde is nie net 'n mooi gedagte of 'n vae bestaan tussen wolke nie. God belowe 'n werklike tuiste vir verloste mense. Die heilige stad kom van God neer, en Hy woon by sy volk. Sy skepping word herstel; sonde en dood kry nie die laaste woord nie (Openbaring 21:1–4).

3. Hoe word die heilige stad beskryf?

Openbaring 21:16 *En die stad het* _____ *gelê … gemeet op*

_____ *; sy lengte en breedte en hoogte was gelyk.*

Openbaring 21:2 *… die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die* _____ *…*

Openbaring 21:12 *En dit het 'n groot en hoë muur met* _____ *poorte gehad …*

Openbaring 21:18 *En die boustof van sy muur was* _____ *…*

Openbaring 21:21 *… en die straat van die stad was suiwer* _____ *soos deurskynende glas.*

LET WEL: Die stad kom van God af. Sy poorte is pêrels en sy fondamente is met edelgesteentes versier. Openbaring 21:17 gee die muur se maat as 144 el. Die beskrywing beklemtoon die skoonheid, veiligheid en volmaaktheid van God se tuiste, nie 'n mensgemaakte stad se beperkte heerlikheid nie. Sagaria 14:4 beskryf die Here se verskyning op die Olyfberg; Openbaring 21 laat ons die uiteindelike herstel sien.

Die Engelse les se "twelve thousand furlongs" is in die 1953-vertaling as "duisend-vyfhonderd myl" weergegee. Dit is dieselfde getal, 12 000, in 'n ander lengtemaat. Ons behou die Afrikaanse Bybelbewoording.

4. Wat voorsien God vir die lewe in die stad?

Openbaring 22:1 *En hy het my getoon 'n suiwer* _____ *van die water van die lewe …*

Openbaring 22:2 *… die boom van die* _____ *wat twaalf maal vrugte dra en elke maand sy vrugte gee …*

LET WEL: Die rivier vloei uit die troon van God en die Lam. Die boom van die lewe herinner ons aan Eden en aan die lewe wat deur sonde verlore gegaan het. God herstel dit. Jesaja 65:21 beskryf ook wingerde wat die verlostes plant en geniet. Die vrygewigheid van die Skepper, nie gebrek of dood nie, sal die lewe kenmerk.

5. Hoe sal God se herstelde wêreld van ons huidige lewe verskil?

Jesaja 35:5 *Dan sal die oë van die* _____ *geopen en die ore van die* _____ *ontsluit word.*

Jesaja 35:6 *Dan sal die lamme* _____ *soos 'n takbok, en die tong van die stomme sal* _____ *…*

Jesaja 65:25 *Hulle sal geen* _____ *doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie …*

Jesaja 11:6 *… en 'n* _____ *sal hulle aanja.*

Jesaja 35:1 *… die wildernis sal juig en* _____ *soos 'n narsing …*

Jesaja 33:24 *En geen inwoner sal sê: Ek is* _____ *nie …*

Openbaring 21:4 *… en daar sal geen* _____ *meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie …*

LET WEL: God herstel die mens en sy omgewing. Pyn, gebreke, vrees en verlies sal nie blywende inwoners van sy skepping wees nie. Die profetiese beelde van vreedsame diere en 'n bloeiende woestyn wys 'n wêreld sonder die vernietiging wat ons nou ken.

6. Hoe sal die verlostes se liggame wees?

Filippense 3:21 *… wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy* _____ *liggaam …*

LET WEL: Jesus red die hele mens. Hy gee nie net 'n beter gedagtewêreld nie, maar 'n nuwe lewe waarin ons liggame nie meer aan verval onderworpe is nie.

7. Was Jesus ná sy opstanding bloot 'n gees sonder 'n werklike liggaam?

Lukas 24:39 *… 'n gees het nie* _____ *soos julle sien dat Ek het nie.*

LET WEL: Die opgestane Jesus het die dissipels genooi om Hom aan te raak. Hy het ook voor hulle geëet (Lukas 24:40–43). Dit was dieselfde Jesus wat later opgevaar het en weer sal kom (Handelinge 1:11). Sy opstanding gee ons 'n werklike hoop, nie die vooruitsig op 'n vae, liggaamlose bestaan nie.

8. Watter groot herstel belowe God?

Handelinge 3:21 *… tot op die tye van die* _____ *van alle dinge …*

LET WEL: Wat sonde verwoes het, sal God herstel. Verhoudings sal nie meer deur leuens, verraad, mishandeling of agterdog gebreek word nie. Jesaja 60:18 belowe die einde van geweld en verwoesting. Liefde, veiligheid en vrede sal die gewone lewe wees.

9. Sal die hartseer van hierdie lewe ons daar bly kwel?

Jesaja 65:17 *… en aan die vorige dinge sal* _____ *gedink word en hulle sal in die* _____ *nie opkom nie.*

LET WEL: God se nuwe skepping sal nie deur die ou leed oorheers word nie. Hy vee elke traan af (Openbaring 21:4). Ons hoef nie te vrees dat pynlike herinneringe ons ewige geluk sal vernietig nie. Hy weet hoe om volkome te genees.

10. Sal ons mekaar in God se koninkryk ken?

1 Korinthiërs 13:12 … *maar eendag sal ek ten volle* _____ *, net soos ek ten volle geken is.*

LET WEL: God se verlossing wis nie ons persoonlike identiteit uit nie. Die dissipels het die opgestane Jesus herken, en die belofte van die opstanding bring troos oor ons geliefdes (1 Thessalonicense 4:13–18). Ons kennis en gemeenskap sal voller wees, nie minder nie.

11. Watter verdere beloftes gee die Skrif oor vreugde en nuwe krag?

Jesaja 35:10 … *en ewige* _____ *sal op hulle hoof wees …*

Psalm 16:11 … *in u regterhand is* _____ *, vir ewig.*

Sagaria 8:5 *En die pleine van die stad sal vol wees van seuntjies en dogtertjies wat op die pleine*

_____.

Jesaja 40:31 … *hulle hardloop en word nie* _____ *nie, hulle wandel en word nie* _____ *nie.*

Jesaja 40:31 … *hulle vaar op met* _____ *soos die arende …*

LET WEL: Die vreugde van God se koninkryk sal nie verbygaan nie. Daar sal geen hartseer wees wat opnuut ons geluk breek nie. Ons hoef nie te raai oor alles wat ons daar sal beleef nie: God se belofte van ewige blydskap en die volheid van vreugde by Hom is genoeg om op te vertrou (Jesaja 35:10; Psalm 16:11).

12. Kan ons nou reeds alles voorstel wat God vir sy kinders berei het?

1 Korinthiërs 2:9 *Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die* _____

nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet.

LET WEL: Die koningin van Skeba het ver gereis om Salomo se wysheid te hoor. Jesus verwys na haar besoek en verklaar dat Hy groter as Salomo is (Lukas 11:31). Die Koning wat ons ewige tuiste berei, oortref dus die koning wie se heerlikheid haar so beïndruk het. Wat ons nou van God se koninkryk verstaan, is nog nie die volle vreugde wat ons by Hom sal beleef nie. Die heerlikheid wat kom, weeg swaarder as ons huidige lyding (Romeine 8:18).

13. Wat is die grootste seën van die nuwe aarde?

Openbaring 21:3 … *en God self sal* _____ *wees as hulle God.*

LET WEL: Die heerlikste belofte is nie die goud, die huise of selfs die afwesigheid van pyn nie. Ons sal God se aangesig sien en by Hom wees. Sonde het skeiding gebring; Christus herstel die gemeenskap waarvoor ons geskep is. Om Hom nou te leer ken, berei ons voor vir die vreugde van daardie lewe (Openbaring 21:3; 22:4).

14. Wat sal nie in God se stad toegelaat word nie?

Openbaring 21:27 *En daarin sal nie inkom iets wat* _____ *… nie …*

Openbaring 21:7 *Hy wat* _____ *, sal alles beërwe …*

LET WEL: God laat nie die sonde wat soveel lyding veroorsaak het, in sy herstelde wêreld voortleef nie. Sy uitnodiging is egter vir sondaars wat hulle laat reinig. Die toegang berus op die Lam se verlossing, nie op ons vermoë om onsself sonder Hom volmaak te maak nie.

15. Hoe kan ek van my sonde gereinig word?

1 Johannes 1:9 *As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig … om … ons van alle ongeregtigheid te* _____ .

LET WEL: Kom eerlik met jou sonde na Jesus. Hy vergewe en verander jou. Die nuwe lewe van sy koninkryk begin reeds nou wanneer jy sy genade aanvaar.

16. Watter plek behoort God se koninkryk in ons lewe te hê?

Matthéüs 6:33 *Maar soek eers die* _____ *en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.*

LET WEL: Salomo se goeie begin wys die wysheid daarvan om God se saak eerste te stel. Jesus se belofte is nie 'n waarborg dat elke gelowige aardse rykdom sal hê nie. Dit is 'n uitnodiging om ons Vader se sorg te vertrou en ons lewe rondom sy wil te orden. Die ewige koninkryk is kosbaarder as enige tydelike voordeel.

Jou antwoord

Wil jy God se koninkryk eerste stel en Jesus toelaat om jou lewe nou voor te berei vir die ewige tuiste wat Hy belowe?

Aanvulling

God se koninkryk

Die Bybel openbaar 'n stryd tussen God se heerskappy en die opstand van Satan. Die koninkryk van God staan sentraal in Jesus se prediking. Ons moet onderskei tussen sy genadige heerskappy wat nou in gelowiges se lewens ontvang word, en die toekomstige openlike heerlikheid van sy voltooide koninkryk.

Wanneer ons Christus ontvang, word die heerskappy van sonde in ons lewe gebreek. Paulus sê dat ons nie die sonde in ons sterflike liggaam moet laat regeer nie en dat die sonde nie oor ons sal heers nie (Romeine 6:12–14). God verlos ons uit die mag van die duisternis en bring ons in die koninkryk van sy geliefde Seun (Kolossense 1:13).

Johannes die Doper en Jesus het mense tot bekering geroep omdat die koninkryk naby gekom het (Matthéüs 3:2; 4:17). In Jesus se persoon en werk het God se reddende heerskappy reeds teenwoordig geword (Lukas 11:20; 17:20–21). Dit is nie bloot 'n verandering van aardse regering nie. Dit vra dat ons die Koning self ontvang.

'n Gelowige is daarom nou reeds 'n verteenwoordiger van Christus. Ons woorde, gewoontes, verhoudings en die gebruik van ons tyd en besittings behoort te wys aan wie ons behoort. Ons leef nie so om burgerskap te koop nie, maar omdat Hy ons deur genade sy eie gemaak het.

Tog wag ons nog op die volle herstel. Wanneer ons bid dat God se koninkryk moet kom (Matthéüs 6:10), verlang ons ook na die dag waarop sonde en dood finaal verdwyn. Ná die gebeure van Openbaring 20 sien Johannes die nuwe hemel en die nuwe aarde. God woon by sy volk, en alles word nuut (Openbaring 21:1–5).

Die belofte van die toekoms verander dus ons lewe vandag. Ons leer die Koning nou ken en vertrou Hom vir die wêreld wat Hy sal herstel.

Afrikaanse verwerking. Gebaseer op Amazing Facts se *The Glorious Kingdom* · © 1999, 2010 Amazing Facts, Inc.
Bybelteks: Afrikaans 1933/1953 (Ou Vertaling) · © Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Antwoorde

Die heerlike koninkryk

Die invulwoorde volg dieselfde volgorde as in die studie.

1. wonings · plek

2. nuwe hemele · stad · aarde · huise

3. vierkantig · duisend-vyfhonderd myl · hemel · twaalf · jaspis · goud

4. rivier · lewe

5. blindes · dowes · spring · jubel · kwaad · klein seuntjie · bloei · siek · dood

6. verheerlikte

7. vlees en bene

8. wederoprigting

9. nie · hart

10. ken

11. vreugde · lieflikhede · speel · moeg · mat · vleuels

12. hart van ’n mens

13. by hulle

14. verontreinig · oorwin

15. reinig

16. koninkryk van God